dat die Regter dit ook gedurende die nag sal oordink.

Die Verhoorregter plaas dit pertinent op rekord dat hy Dr. Joubert gladnie verhoed het om die aangeleentheid verder te bespreek nie.

Petisie Aanhangsel A, Vol. 4 p.259 reël 23 - p.260 reël 4.

13.16 Dit is opvallend hoedat Dr. Joubert, ꞌn man met sy regsagtergrond en kennis, optree. Hy is nie ꞌn leek wat nie van beter geweet het, of nie besef het dat sy bevoegdheid om onpartydig in die saak sy pligte te doen onder verdenking staan, en was tewens pertinent daarop gewys dat hy in ondersteuning van UDF geteken het.

Sy reaksie is:

(1) Hy versuim om hierdie direkte aantyging van daadwerklike steun aan UDF te ontken of te verduidelik.

(2) Hy bevestig openlike antagonisme.

(3) Hy bevestig sy minagting vir die Hof en die geldende beginsels van regverdigheid en billikheid en die reëls t.o.v. die Audi Alteram Partem reël deur sy gedrag.

Die kardinale feit is dat hy, terwyl dit met respek, ŉ gulde geleentheid daartoe is, nie feite voor die Verhoorregter plaas nie en die Verhoorregter steeds in die duister laat oor sy motiewe en standpunt.

13.17 Hierdie hele aangeleentheid het Sy Edele die Verhoorregter diep ontstel en het hy nie oorhaastig opgetree nie. Hy het die aangeleentheid grondig deurdink. Ook Dr. Joubert se houding dat hy niks verkeerd sien nie, het die Regter geskok. Soveel so dat hy selfs die Regter-President vir advies genader het. Na dit alles het hy tot die gevolgtrekking

gekom dat dit onbehoorlik sou wees vir Dr. Joubert om sy pligte as assessor voort te sit.

Petisie Aanhangsel A, Vol. 4 p.260 reëls 4-11.

13.18 Die gebeure van die oggend van die 10de Maart 1987 tussen die Verhoorregter en Dr. Joubert voordat die Hof begin het, is van kardinale belang.

(1) Dr. Joubert het niks gesê nie en het die Verhoorregter die onderwerp te berde gebring.

(2) Die Verhoorregter het hom gevra of hy gedink het oor die onderwerp. Dit was weereens 'n gulde geleentheid vir hom om toe 'n verduideliking te verskaf as daar <u>bona fide</u> gronde bestaan waarom hy die aanvanklike onwaarheid vertel het of onder watter omstandighede hy die verdoemende verklaring onderteken het, en vir watter doel. Sy versuim hier spreek boekdele.

(3) Dr. Joubert het bevestig dat hy die aangeleentheid oordink het en sy reaksie toe is nie om te verduidelik nie, maar kom met 'n teenvraag aan die Regter of hy oor die aangeleentheid gedink het.

(4) Die Regter het bevestig dat hy dit oordink het en ook met die Regter-President gekonsulteer het. Hierop was Dr. Joubert se reaksie een van uittarting en het gevra wat die Regter-President te sê het.

(5) Sy Edele die Regter het hom meegedeel dat die Regter-President se mening was dat Dr. Joubert homself moet rekuseer.

(6) Dr. Joubert het daarop woedend gevra watter reg die Regter-President het om in te meng in hierdie verhoor.

Dit is tog belangrik en duidelik dat die Regter-President nie in hierdie verhoor ingemeng het nie, maar om advies genader was deur die Verhoorregter. In die lig van hierdie sonderlinge gebeure is dit werklik prysenswaardig dat die Verhoorregter nie sommer goedsmoeds besluit nie, maar die saak deeglik oorweeg en ook bereid is om advies van Sy Edele die Regter President te bekom.

(7) Die Verhoorregter het aan Dr. Joubert verduidelik om die Regter-President buite rekening te laat en dat die Verhoorregter self die mening huldig dat Dr. Joubert homself moet rekuseer. Verder het hy kortliks die relevante geskilpunte in die saak aan Dr. Joubert verduidelik en uitgewys dat, omdat hy die verklaring op die dokument onderteken het, hy dit moeilik sal vind om te oordeel of dit deel

<u>gevorm het van die komplot om die Regering omver te werp of nie</u>. (Ons onderstreping)

As die bogemelde ontleed word, kom baie belangrike feite pertinent op die voorgrond.

1. Dr. Joubert word hoegenaamd nie in enige twyfel gelaat oor die erns van sy steun aan UDF nie tewens word dit duidelik aan hom uitgespel.

2. Dr. Joubert word hoegenaamd nie in twyfel gelaat dat dit sy onpartydigheid om as assessor te funksioneer, is wat op die spel is nie.

3. Dr. Joubert word hoegenaamd nie in twyfel gelaat dat dit kan meebring dat hy onthef kan word van sy amp as assessor.

4. Dr. Joubert, as belese en ervare regsgeleerde, kon onder geen illusies verkeer het dat daar op hom 'n regsplig gerus het om hierdie *prima facie* bewys van partydigheid en toegeneentheid jeens UDF, op te klaar met aanvaarbare verduidelikings, as hy dit kon doen nie.

5. Dr. Joubert het verskeie gulde geleenthede gehad om die smet wat sy bevoegdheid om as assessor te funksioneer aangekleef het, uit die weg te ruim as hy onskuldig was en dit kon verduidelik. Dit is trouens wat enige redelike persoon onder identiese omstandighede dadelik sou gedoen het.

6. Dr. Joubert het geen verduideliking verskaf nie en sodoende die Verhoorregter heeltemal in die duister en sonder inligting gelaat.

7. Dr. Joubert was ook nooit in twyfel gelaat oor die feit dat die MSC 'n belangrike faset kan wees in die komplot om die regering omver te werp nie.

13.19 Nadat Sy Edele die Verhoorregter die voorgaande uiteensetting aan Dr. Joubert gegee het dat sy ondersteuning van UDF sy vermoë om onpartydig te beslis sal beïnvloed, volhard Dr. Joubert steeds met sy swye om die kern aspekte op te klaar.

Die enigste redelike afleiding wat in die lig van hierdie feite gemaak kan word, is dat Dr. Joubert nie enige sinvolle verduideliking kon verskaf nie. Dit word verder bevestig deur die insiggewende antwoord van Dr. Joubert, nl. dat hy 'n eed as assessor geneem het en dat hy weier om homself te rekuseer.

Die kruks van die saak is dat die Verhoorregter steeds oor geen informasie beskik het ten aansien van Dr. Joubert se aanvanklike leuen, sy motief en die omstandighede toe hy die UDF se MSC verklaring onderteken het.

Petisie Aanhangsel A, Vol. 4 p.260 reëls 24-29.

13.20 Dit kan met reg afgelei word dat Sy Edele die Verhoorregter aan Dr. Joubert nog 'n laaste kans gebied het om of homself te rekuseer, of om 'n aanneemlike verduideliking te verskaf toe hy aan Dr. Joubert gesê het dat Dr. Joubert aan hom geen ander uitweg sou laat anders as om hom as assessor te ontslaan nie.

Petisie Aanhangsel A, Vol. 4 p.260 reël 30 - p.261 reël 1.

13.21 Dr. Joubert het nie hierdie geleentheid aangegryp nie, maar in teendeel sy vyandigheid en onbevoegd-

heid om onbevooroordeeld en onpartydig op te tree, bokant enige twyfel bevestig.

(1) Ongetwyfeld kon Dr. Joubert nie enige verduidelikings verskaf nie. As daar enige verduideliking bestaan het, bestaan daar volgens die feite *supra* uiteengesit, geen redes waarom Dr. Joubert met sy wye regskennis en ondervinding dit verswyg het nie. Veelvoudige geleenthede het bestaan om dit te doen en die omstandighede was sodanig dat enige ander redelike persoon daarvan gebruik sou gemaak het.

(2) Die feite *supra* uiteengesit bied baie sterk bewys dat, objektief gesien, Dr. Joubert baie beslis nie onpartydig was nie. Sy volgehoue onvermoë om verduidelikings te verskaf om hierdie bogenoemde feite sinvol te verduidelik - maar, in plaas daarvan slegs die Regter,

Regter-President en ander assessor aan te val, maak dit duidelik dat daar geen verduideliking was om te gee nie. Verder bevestig dit ook as afdoende bewys dat Dr. Joubert 'n doelbewuste leuen aan die Verhoorregter vertel het.

(3) Sy subjektiewe gesindheid word ook bevestig deur sy stelling as regsgeleerde dat die Verhoorregter hom nie kan onthef van sy amp as assessor nie, en druis in teen sy eie ontleding van die geldende reg.

Petisie Aanhangsel H Vol. 4 p.261 reëls 1-2.

Sien in hierdie verband ook The Law of South Africa Vol. 5, p.428 para. 594 waarvan Dr. Joubert die redakteur is:

"The expression 'unable to act as assessor'[17] is wide enough to embrace

circumstances other than physical ones. If facts adverse to the accused have come to the knowledge of an assessor extra-curially, the judge may hold him to be unable to act and secure his recusal rather than have the verdict set aside on the ground of irregularity."

(4) Dr. Joubert se subjektiewe vyandigheid en vooroordeel word veral treffend blootgelê wanneer hy dan die stelling maak dat as hy homself moet rekuseer, dan moet die Verhoorregter en die ander assessor dit ook doen, en het toe by die deur uitgestorm.

Petisie Aanhangsel A, Vol. 4, p.261 reëls 2-3.

Dit is onbetwisbaar so dat dit sy eie gedrag en optrede was wat oorsaak is van die geskil

en nie die Verhoorregter en die ander assessor nie.

Die ander assessor se gedrag was nooit ter sprake nie, en nogtans eis Dr. Joubert sy rekusering en in die latere aansoek word dit pertinent gevra. Die feit dat Dr. Joubert nooit aangetoon het waarom hy die ander assessor se rekusering ook eis nie, bevestig nie alleen sy vyandigheid nie, maar ook sy onvermoë om onpartydig in die saak op te tree.

(5) Dr. Joubert se onnatuurlike optrede en subjektiewe gesindheid word ook bewys as hy later terugkeer en 'n gesprek aanknoop met die ander assessor en die Verhoorregter totaal ignoreer. Dit bevestig sy werklike voorneme om nie enige verduideliking te gee nie. Die indruk wat 'n mens kry is dat hy die houding teen die

Verhoorregter en die ernstige probleem ingeneem het van "doen wat u wil, ek sal u niks vertel nie."

13.22 Die feit dat Dr. Joubert nooit van voornemens was om enige verduideliking te gee omtrent sy leuen aan die Verhoorregter nie, of om sy ondersteuning en partydigheid vir UDF, die doelstellings van UDF of die vryheidstryd te verduidelik en op te klaar nie, word onomwonde deur homself bevestig in sy eerste verklaring.

> "32. When we entered court on Tuesday morning, 10 March 1987, I had decided, if the judge persisted in his approach that I was to recuse myself, to speak only two sentences. What I wished to say was the following:
> I have taken an oath in open court to make a finding according to my conscience and upon the evidence produced. I still regard myself as under that oath."

Petisie Aanhangsel A, Vol. 2 p.95 reëls 2-11.

**Collection Number: AK2117**

**Collection Name: Delmas Treason Trial, 1985-1989**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* **Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand**
*Location:* **Johannesburg**
**©2016**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of a collection, held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.